



Telling our stories

Every family has stories to tell! Some of these stories may be ones that were told to you as a child. These could include: stories about imaginary or mythical characters that are passed down from generation to generation, stories about trickery or bravery, or stories that teach about the values of perseverance or forgiveness.

But there are other family stories too. These are the stories of the everyday experiences of members of your family now and in the past. It's the stories we tell when our children say to us, "Mom, tell me a story about when you were little." Or it's the stories we tell at supper time about what happened to us as we were trying to reach a cereal box on the top shelf at the supermarket this morning. As we share these stories about our everyday lives, we build connections with our children – we allow them to know more about us.


But in addition to this, listening to our stories helps children learn how stories work. For example, they learn that stories have a beginning, a middle and an end, and they learn that the events in a story help it build up to a climax, which is the most exciting part of the story. Knowing how stories work, helps children when they are reading stories in books and writing their own stories!

As we talk about what happened to us today or long ago, we often include how we felt at the time, for example, "It was really, really dark and we were so scared, but we kept walking towards the bathroom because we wanted to find out what the noise was." When we talk about how we felt in a situation, we give our

children the language to talk about their own feelings. Being able to express how you feel, is something that helps children to feel confident about themselves.

Stories about real or imaginary people outside of our families, help children to connect with the wider world. The stories of our families are as unique as the people in our family! They are part of each family's history and they help children to know where they come from and who they are.

Visit www.nalibali.org and www.nalibali.mobi for more information and tips on storytelling!



Vertel ons stories

Elke familie het stories om te vertel! Jy het dalk as kind na van hierdie stories geluister. Dit kan insluit: stories oor denkbeeldige of mitiese karakters wat van generasie na generasie oorgedra word, stories oor skelmstreke of dapperheid, of stories wat ons van die waardes van deursettingsvermoë of vergifnis leer.

Maar daar is ook ander familiestories. Dit is die stories van die alledaagse ervarings van lede van jou familie, nou en in die verlede. Dis die stories wat ons vertel wanneer ons kinders vir ons sê: "Mamma, vertel vir my 'n storie van toe jy klein was." Of dit is die stories wat ons tydens aandete vertel, soos wat vanoggend met jou by die supermark gebeur het toe jy probeer het om 'n graankosboks op die boonste rak by te kom. Wanneer ons hierdie stories oor ons alledaagse lewens deel, bou ons bande met ons kinders – ons laat hulle toe om meer van ons te weet.

Maar, wanneer hulle na ons stories luister, help dit kinders ook om te leer hoe stories werk. Hulle leer byvoorbeeld dat stories 'n begin, middel en einde het, en dat die gebeure in 'n storie help om dit na 'n klimaks te laat opbou, wat die opwindendste deel van die storie is. Om te weet hoe stories werk, help kinders wanneer hulle stories in boeke lees en hulle eie stories skryf!

Terwyl ons praat oor wat vandag of lank gelede met ons gebeur het, deel ons dikwels hoe ons op daardie tydstip gevoel het, byvoorbeeld: "Dit was regtig baie, baie donker, en ons was so bang, maar ons het bly aanstap na die badkamer, want ons wou uitvind wat die geluid was." Wanneer ons praat oor hoe ons in 'n situasie gevoel het, gee ons ons kinders die taal om oor hulle eie gevoelens te praat. Om te kan uitdruk hoe jy voel, is iets wat kinders help om selfvertroue te ontwikkel.

Stories oor regte of denkbeeldige mense buite ons families help kinders om met die wyer wêreld kontak te maak. Die stories oor ons families is so uniek soos die mense in ons familie! Hulle is deel van elke familie se geskiedenis en hulle help kinders om te weet waar hulle vandaan kom en wie hulle is.

Gaan na www.nalibali.org en www.nalibali.mobi vir meer inligting en wenke oor die vertel van stories!



Drive your
imagination

Join us in taking the power of stories
to the next level. Let's go!

Kom ons neem saam die krag van
stories na die volgende vlak. Komaan!



Nal'ibali news

Each year on World Read Aloud Day, Nal'ibali reminds everyone who lives in South Africa about the benefits of reading aloud to children. And we've been reading to more and more children each year.

When we first started in 2013, 13 401 children were read to. And this year – just four years later – 719 627 children across the country were read to! That's a new record for Nal'ibali and South Africa!

In preparation for World Read Aloud Day on 16 February 2017, we produced a special story, *The best sound in the world* (written by Niki Daly and illustrated by Rico) that featured the well-loved Nal'ibali characters, Bella, her mom and Gogo. The story was available in all 11 official languages. (You can still find the story on our website: www.nalibali.org.)

Read-aloud sessions – big and small – were planned nationally. Some community sessions were led by Nal'ibali, and others were organised by members of the public, schools, libraries, fellow literacy organisations and other non-profit organisations. Partners who lent a hand in making sure that more children than ever before were read to, included the Department of Basic Education; the Department of Social Development; LIMA; LIASA; Rotary; Volkswagen South Africa; The Bookery and Zisize Ingwavuma Educational Trust.

Nal'ibali's main event took place at uShaka Marine World in Durban. Guests, who included 81 children and some staff from nine Umlazi schools that are part of Nal'ibali's new Story Powered Schools project, were welcomed by the popular Nal'ibali mascots. After some speeches, Buhle Ngaba (2017 World Read Aloud Day Ambassador) and Nal'ibali's Bongani Godide led everyone in a very energetic warm-up activity that involved lots of shaking of arms and legs!

Then it was the moment that everyone had gathered for – to listen to our special story being read aloud! Buhle Ngaba captivated everyone as she read the story in isiZulu – and two children were lucky enough to be invited on stage to help her do this! After the story, the children were divided into groups to enjoy different story and creative activities led by Nal'ibali's staff and FUNda Leaders, and some of the AmaZulu Football Club players. It was a fun day that beautifully captured the joy of reading.

World Read Aloud Day is a success because ordinary people step up to make a difference in their homes and communities. Every read-aloud session, whether it is with one child or a thousand children, helps to kick-start a culture of reading in South Africa.

Nal'ibali-nuus

Elke jaar op Wêrelddag vir Hardop Lees herinner Nal'ibali almal wat in Suid-Afrika woon aan die nut daarvan om vir kinders hardop te lees. En ons lees elke jaar vir meer en meer kinders.

Toe ons in 2013 hiermee begin het, het ons vir 13 401 kinders geles. En hierdie jaar – slegs vier jaar later – het ons vir 719 627 kinders oor die hele land geles! Dit is 'n nuwe rekord vir Nal'ibali en Suid-Afrika!

Om voor te berei vir Wêrelddag vir Hardop Lees op 16 Februarie 2017 het ons 'n spesiale storie, *Die beste geluid in die wêreld* (geskryf deur Niki Daly en geïllustreer deur Rico) met die geliefde Nal'ibali-karakters Bella, haar mamma en Ouma, geproduseer. Die storie is beskikbaar in al 11 amptelike tale. (Jy kan die storie steeds op ons webwerf vind: www.nalibali.org.)

Hardoplees-sessies – groot en klein – is op nasionale vlak beplan. Sommige gemeenskapsessies is deur Nal'ibali gelei, en ander is deur lede van die publiek, skole, biblioteke, ander geletterheidsorganisasies en ander organisasies sonder winsoogmerk gereël. Vennote wat 'n hand bygesit het om seker te maak dat daar vir meer kinders as ooit tevore geles word, sluit in die Departement van Basiese Onderwys; die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling; LIMA; LIASA; Rotary; Volkswagen Suid-Afrika; The Bookery en Zisize Ingwavuma Educational Trust.

Nal'ibali se hoofbyeenkoms het plaasgevind by uShaka Marine World in Durban. Gaste, wat 81 kinders en personeellede van nege skole van Umlazi ingesluit het wat deel van Nal'ibali se nuwe Story Powered Schools-projek is, is deur die gewilde Nal'ibali-karakters verwelkom. Na 'n paar toesprake het Buhle Ngaba (2017 se Ambassadeur vir Wêrelddag vir Hardop Lees) en Nal'ibali se Bongani Godide almal in 'n baie energieke opwarmingsaktiwiteit gelei waar arms en bene goed geskud is!

Toe was dit tyd vir die spesiale oomblik waarvoor almal daar was – om te luister hoe ons spesiale storie hardop geles word! Almal het aan Buhle Ngaba se lippe gehang terwyl sy die storie in isiZulu voorgeles het – en twee kinders was gelukkig genoeg om na die verhoog genooi te word om haar te help! Nadat die storie geles is, is die kinders in groepe verdeel om verskillende storie- en kreatiewe aktiwiteite te geniet wat deur Nal'ibali se personeel en FUNda Leaders, en sommige spelers van die AmaZulu-sokkerklub, gelei is. Dit was 'n prettdag wat die vreugde van lees pragtig vasgevang het.

Wêrelddag vir Hardop Lees is 'n sukses omdat gewone mense opstaan om 'n verskil in hul huise en gemeenskappe te maak. Elke hardoplees-sessie, of dit nou met een kind of 'n duisend kinders is, help om 'n leeskuultuur in Suid-Afrika te vestig.

We did it ...

Thank you!

Together, on World Read Aloud Day, we read aloud to

719 627

children across South Africa!

Ons het dit gedoen ...

Dankie!

Op Wêrelddag vir Hardop Lees het ons saam hardop geles vir

719 627

kinders oor die hele Suid-Afrika!






Drive your
imagination



Rogan Ward



Children enjoying the warm-up activity.

Kinders geniet die opwarmingsaktiwiteit.

Rogan Ward



Some of the AmaZulu Football Club players joining in the fun.

Spelers van AmaZulu-sokkerklub deel in die pret.

Rogan Ward



2017 World Read Aloud Day Ambassador, Buhle Ngaba, reading our special story while Nal'ibali's Bongani Godide listens.

2017 se Ambassadeur vir Wêrelddag vir Hardop Lees, Buhle Ngaba, lees ons spesiale storie, terwyl Nal'ibali se Bongani Godide luister.

Rogan Ward



Face-painting fun.

Pret met gesigverf.

Rogan Ward



Children making their own cut-out-and-keep books from the Nal'ibali Supplement.

Kinders gebruik die Nal'ibali-bylae om hul eie knip-uit-en-bêreboekies te maak.



NAL'IBALI ON RADIO!

Tune into the following radio stations to enjoy listening to stories on Nal'ibali's radio show!

Ikwewezi FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.45 a.m.

Lesedi FM on Monday, Tuesday and Thursday at 9.45 a.m.

Ligwalagwala FM on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

Munghana Lonene FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.35 a.m.

Phalaphala FM on Monday to Wednesday at 11.15 a.m.

RSG on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

SAfm on Monday, Wednesday and Friday at 1.50 p.m.

Thobela FM on Tuesday and Thursday at 2.50 p.m., on Saturday at 9.20 a.m. and on Sunday at 7.50 a.m.

Ukhozi FM on Wednesday at 9.20 a.m. and on Saturday at 8.50 a.m.

Umhlobo Wenene FM on Monday to Wednesday at 9.30 a.m.

X-K FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.00 a.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Skakel op enige van die volgende radiostasies in en geniet dit om na stories op Nal'ibali se radioprogram te luister!

Ikwewezi FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.45 vm.

Lesedi FM op Maandag, Dinsdag en Donderdag om 9.45 vm.

Ligwalagwala FM van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

Munghana Lonene FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.35 vm.

Phalaphala FM van Maandag tot Woensdag om 11.15 vm.

RSG van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag om 1.50 nm.

Thobela FM op Dinsdag en Donderdag om 2.50 nm., op Saterdag om 9.20 vm. en op Sondag om 7.50 vm.

Ukhozi FM op Woensdag om 9.20 vm. en op Saterdag om 8.50 vm.

Umhlobo Wenene FM van Maandag tot Woensdag om 9.30 vm.

X-K FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.00 vm.





Get story active!

Here are some ideas for using the two cut-out-and-keep picture books, *The African orchestra* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12) and *Where's Daddy?* (pages 9 and 10), as well as the Story Corner story, *Bhuti Rabbit's boring day* (page 14). Choose the ideas that best suit your children's ages and interests.

The African orchestra

From the clicking of crickets to the crackle of fire, this book takes us on a journey that celebrates the sounds of nature in the rhythm and music of Africa. Children over the age of four – including teenagers – are likely to enjoy this book!

- ★ As you read the story with your children, spend time looking closely at the illustrations and commenting on what you all see in them. Can you identify some of the animals and instruments? Which are your favourite pictures?
- ★ Try reading the story again with someone reading the words while others add sounds effects to go with them.
- ★ Make music with whatever you can find around you! An old coffee tin or a pot turned upside down can be a drum. Elastic bands placed over a large opening of a cardboard box can be a guitar. And you can use your bodies too – click your fingers, stamp your feet, clap your hands and slap your thighs. Enjoy using your bodies and home-made instruments as you sing your favourite songs together.



Die musiek van Afrika

Van die gekriek van krieke tot die geknetter van 'n vuur, neem hierdie boek ons op 'n reis wat die geluide van die natuur in die ritme en musiek van Afrika vier. Kinders ouer as vier – en ook tieners – sal waarskynlik hierdie boek geniet!

- ★ Terwyl jy die storie saam met jou kinders lees, kyk goed na die illustrasies en lewer kommentaar op dit wat julle almal daarin sien. Kan julle van die diere en instrumente identifiseer? Wat is julle gunstelingprente?
- ★ Lees die storie nog 'n keer, maar laat iemand die woorde lees terwyl die ander kinders klankeffekte byvoeg wat daarby pas.
- ★ Maak musiek met enigiets wat julle om julle kan vind! 'n Ou koffieblik of 'n kastrol wat omgekeer is, kan 'n trom wees. Rekkies kan oor die opening van 'n groot kartonboks gespan word om 'n kitaar te wees. En julle kan ook jul liggame gebruik – kliek met julle vingers, stamp julle voete, klap julle hande, en klap met jul hande teen jul bobene. Geniet dit om jul liggame en tuisgemaakte instrumente te gebruik terwyl julle jul gunstelingliedjies saam sing.

Where's Daddy?

In this story, a little girl is looking all over her home for her father, but she can't find him anywhere. Then she finds out why! Very young children will enjoy this story, but you can use it with older children too. Suggest that they read it in their mother-tongue first and then in the other language of the supplement. They can also read it to each other and to younger children who they know.

- ★ As you read the book together, talk about the places where the little girl looks. Each time ask your children if they think the girl's father is likely to be there? What would he be doing there?
- ★ At the end of the story ask your children where they think the girl's father has been.
- ★ Play a game of hide-and-seek. One person closes their eyes and counts to ten, while everyone else hides. Then the person who closed their eyes, opens them and has to try to find everyone else as quickly as possible!



Waar's Pappa?

In hierdie storie soek 'n klein dogtertjie oral in die huis na haar pappa, maar sy kan hom nêrens vind nie. Dan vind sy uit hoekom nie! Baie jong kinders sal hierdie storie geniet, maar jy kan dit ook saam met ouer kinders gebruik. Stel voor dat hulle dit eers in hul moedertaal lees en dan in die ander taal van die bylae. Hulle kan dit ook vir mekaar en vir jonger kinders wat hulle ken, lees.

- ★ Terwyl julle die boek saam lees, gesels oor die plekke waar die klein dogtertjie na haar pappa soek. Vra elke keer vir jou kinders of hulle dink die dogtertjie se pa sal waarskynlik daar wees? Wat sou hy daar doen?
- ★ Vra aan die einde van die storie vir jou kinders waar hulle dink die dogtertjie se pappa was.
- ★ Speel wegkruipertjie. Een persoon maak sy/haar oë toe en tel tot tien terwyl al die ander wegkruip. Dan maak die persoon sy/haar oë oop, en probeer almal so vinnig moontlik vind!

Bhuti Rabbit's boring day

In this story, Bhuti Rabbit finds out that staying home from school is not quite as much fun as he thought it would be – and he also learns an important life lesson!

- ★ Talk about the story with your children. Together discuss questions like these.
 - ☉ What lessons do you think Bhuti Rabbit learnt?
 - ☉ Do you think it was right of Miss Mouse and Gogo to eat the slice of cake meant for Bhuti Rabbit? Why or why not?
- ★ Imagine that Bhuti Rabbit decided to make a card for Miss Mouse, which he was going to give her when he went to school the next day. What might he have written in this card? Suggest that your children make the card.



Boetie Konyn se vervelige dag

In hierdie storie vind Boetie Konyn uit dat dit glad nie so lekker is om stokkies te draai soos wat hy gedink het dit gaan wees nie – en hy leer ook 'n baie belangrike lewensles!

- ★ Gesels met jou kinders oor die storie. Bespreek saam vrae soos die volgende:
 - ☉ Watter lesse dink julle het Boetie Konyn geleer?
 - ☉ Dink julle dit was reg van Juffrou Muis en Ouma om Boetie Konyn se stukkie koek te eet? Waarom of waarom nie?
- ★ Gestel Boetie Konyn besluit hy wil vir Juffrou Muis 'n kaartjie maak wat hy die volgende dag vir haar wil gee wanneer hy weer skool toe gaan. Wat kan hy op hierdie kaartjie skryf? Stel voor dat jou kinders die kaartjie maak.


Create TWO cut-out-and-keep books

Where's Daddy?

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

The African orchestra

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Waar's Pappa?

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

Die musiek van Afrika

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.



Drive your
imagination



We are the "hummm" on the singers' lips.
Ons is die "a-hammm" op die sanger se lippe.




We publish what we like

This is an adapted version of *The African orchestra* published by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. This story is available in isiZulu, isiXhosa, English and Afrikaans. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Die musiek van Afrika*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is beskikbaar in isiZulu, isiXhosa, Engels en Afrikaans. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (South African rights only) Tel: 011 628 3200


Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



The African orchestra Die musiek van Afrika



Wendy Hartmann
Joan Rankin
Marlise Joubert






Cicadas, crickets, beetles and frogs,
seedpods, cocoons, hollowed out logs.

Krieke, torre en paddas gekol,
saadjies, kokonne, 'n stomp uitgehol.


And ... when Africa sleeps, in that silence it seems,
Just the song of the stars is heard in all dreams.

En ... as Afrika slaap in die stilte se stroom,
vloei die lied van die sterre deur elkeen
se droom.







We are the "click" on the fingertips.
Ons is die "klik" op die vingerpunte.



Ours are the songs of the river reed flute.
Uit 'n rietfluit se pypie sypel ons lirie,






No Daddy there!
G'n Pappa
hier nie!



“Gaan kyk,” sê Mamma.



“Maybe he’s in
the living room,
Mommy?”
“Go and look,”
said Mommy.
“Miskien is hy
in die sitkamer,
Mamma?”

No Daddy
there!
G'n Pappa
hier nie!



“Gaan kyk,” sê Mamma.



“Maybe he’s
in the kitchen,
Mommy?”
“Go and
look,” said
Mommy.
“Miskien is hy
in die kombuis,
Mamma?”

Where's Daddy? Waar's Pappa?

Xolisa Guzula
Mandi Mbude
Carolize Jansen



Reproduced by kind permission of The Little Hands Trust and the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA). To find out more about PRAESA, go to www.praesa.org.za.

Gereproduseer met die goedgeunstige toestemming van The Little Hands Trust en die Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA).

Om meer uit te vind oor PRAESA, gaan na www.praesa.org.za.



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



No Daddy there!
G'n Pappa hier nie!



“Mommy, I want Daddy. Where has he gone?
Maybe he’s in the bedroom, Mommy.”
“Go and look,” said Mommy.



“Mamma, ek soek vir Pappa. Is Pappa weg?
Miskien is hy in die slaapkamer, Mamma.”
“Gaan kyk,” sê Mamma.


“Maybe he is in the garage, Mommy. I’m scared.
It’s dark in there!”
“Miskien is hy in die garage, Mamma. Ek’s bang.
Dis donker daar binne ...”



“Mommy, I want my daddy! Where has he gone?”
“Mamma, ek soek vir Pappa! Waar is hy?”




Here’s Daddy!
Hier’s Pappa!



I am the frog that sings to the moon.
This is the bell that captures my tune.
Ek is die padder wat sing vir die maan.
Dit is die klok waarin my wysie bestaan.




Here in the warmth
is the "snap" and
the "crackle".
Hier in die warmte
is die "knetter"
en "knal".




Through African nights,
in African days,
THIS is the music the
orchestra plays.




Crackling fires, the patter of rain,
thundering hooves on the African plain.
Knetterende vure, die trippelende reën,
donderende hoewe wat Afrika seën.




In the beginning, when all things began,
these were the sounds which were music to man.
Toe alles begin het, soos met 'n wens,
Was al hierdie klanke musiek vir die mens.



Birds in the air, in the trees – on the land.
Wind in the grass, through the leaves –
over sand.
Voëls in die lug, in bome –
op land.
Wind ritsel deur blare, in
gras – en oor sand.



We are the herds that gallop and run.
We “rumble” and “boo-oom” in the
African drum.



Ons is die trop wat draf en galop.
Ons “rammel” en “grô-ô-ôm” in die
Afrika-drom.

Celebrate Africa Day!

Africa Day is celebrated on 25 May each year. It is the day on which we celebrate the start of the Organisation of African Unity (OAU) in 1963, as well as the freedom fought for by African countries. The OAU was replaced by the African Union (AU) in 2001. The African Union works to bring unity and peace to Africa.

Africa Day is a public holiday in only five African countries: Ghana, Mali, Namibia, Zambia and Zimbabwe. But, it is celebrated all over Africa, as well as by Africans living in other parts of the world!

Here are some ideas of how you can celebrate Africa Day.

- ★ Enjoy our special Africa Day focus in "Nal'ibali fun" on page 16.
- ★ Sing songs and say rhymes in as many South African languages as you know.
- ★ Tell a traditional African story.
- ★ Write, "I am an African because ..." on different strips of paper. Ask friends and family members to complete the sentence and then display the sentences so that everyone can enjoy reading them.
- ★ Draw the shape of Africa on a large sheet of paper. Use the colours that you think of when you think of "Africa" to colour it in. If you could tell people living elsewhere in the world one thing about living in Africa, what would it be? On the same sheet of paper, write this as a message to the rest of the world from Africa.

"I am not African because I was born in Africa, but because Africa was born in me. Kwame Nkrumah, Ghanaian leader and president from 1951 to 1966"

"Ek is nie 'n Afrikaan omdat ek in Afrika gebore is nie, maar omdat Afrika in my gebore is. Kwame Nkrumah, leier van Ghana en president vanaf 1951 tot 1966"



Kom ons vier Afrika-dag!

Afrika-dag word elke jaar op 25 Mei gevier. Dit is die dag waarop ons die ontstaan van die Organisasie vir Afrika-Eenheid (OAE) in 1963 vier, asook die vryheid waarvoor Afrika-lande moes veg. Die OAE is in 2001 deur die Afrika-Unie (AU) vervang. Die Afrika-Unie se taak is om eenheid en vrede in Afrika te bewerkstellig.

Afrika-dag is slegs in vyf Afrika-lande 'n openbare vakansiedag: Ghana, Mali, Namibië, Zambië en Zimbabwe. Maar dit word oral in Afrika gevier, en ook deur Afrikane wat in ander dele van die wêreld woon!

Hier volg 'n paar idees om Afrika-dag te vier.

- ★ Geniet ons spesiale fokus op Afrika-dag in "Nal'ibali-pret" op bladsy 16.
- ★ Sing liedjies en sê rympies op in soveel Suid-Afrikaanse tale as wat julle ken.
- ★ Vertel 'n tradisionele Afrika-storie.
- ★ Skryf: "Ek is 'n Afrikaan omdat ..." op verskillende stroke papier. Vra familieleden en vriende om die sin te voltooi en stal dan die sinne uit sodat almal dit kan geniet om dit te lees.
- ★ Teken die buitelyn van Afrika op 'n groot vel papier. Gebruik die kleure waaraan julle dink wanneer julle aan "Afrika" dink om dit in te kleur. As julle vir mense wat elders in die wêreld woon een ding oor die lewe in Afrika kan vertel, wat sal dit wees? Skryf dit op dieselfde vel papier – dis soos 'n boodskap van Afrika aan die res van die wêreld!

Bringing stories to life

Are you looking for ways to bring stories to life for the children in your class? Try some of these ideas after they have listened to you reading a story aloud.



- 🌍 Invite the children to act out the story in groups.
- 🌍 Turn a story into a play. With the children, choose and write down what the characters will say, and then they can take turns reading the different characters' parts in the play.
- 🌍 Make puppets, or clay or playdough figures of the story characters with the children. Then let them use these to retell the story in their own way, or to create a new story of their own.

Maak stories lewendig

Is jy op soek na maniere om stories lewendig te maak vir die kinders in jou klas? Probeer 'n paar van hierdie idees nadat jy vir hulle 'n storie hardop gelees het.

- 🌍 Nooi die kinders om die storie in groepe op te voer.
- 🌍 Verander 'n storie in 'n toneelstuk. Besluit saam met die kinders wat die karakters gaan sê en skryf dit saam neer. Dan kan hulle beurte maak om die verskillende karakters se rolle in die toneelstuk te lees.
- 🌍 Maak saam met die kinders handpoppe of klei- of speeldeegfigure van die karakters. Laat hulle dit dan gebruik om die storie op hulle eie manier oor te vertel, of om hul eie nuwe storie op te maak.

Make reading for enjoyment part of what children do after school too by starting a reading club at your school. For more information about how to do this, go to www.nalibali.org.




Maak lees vir genot ook deel van dit wat kinders na skool doen deur 'n leesklub by jou skool te begin. Vir meer inligting oor hoe om dit te doen, gaan na www.nalibali.org.

Putting stories at the heart of your school ★ Laat stories eerste staan in julle skool

Bhuti Rabbit's boring day

By Helen Brain ★ Illustrations by Samantha van Riet



"I wish I didn't have to go to school today," Bhuti Rabbit said when he woke up. "I wish I could stay at home and sleep all day."

In the kitchen Gogo Rabbit was busy making porridge. "Hurry up, children," she called. "Breakfast is ready."

"Coming, Gogo," called Sisi Rabbit, bouncing out of bed. Sisi Rabbit always wanted to go to school.

"I don't feel well, Gogo," Bhuti Rabbit said. "My head is sore and my leg is sore and my throat is sore and even my elbow is sore."

Gogo felt his head and took his temperature. "There's nothing wrong with you," she said. "Now get up and get dressed."

Bhuti Rabbit got out of bed. Quickly he dropped his shoes out of the window. "I can't find my school shoes," he called. "I can't go to school because I haven't got my shoes."

Sisi Rabbit had seen him. "You naughty rabbit," she scolded. "You tried to hide them. Now hurry up. We're going to be late."

Bhuti Rabbit ate his porridge. Then he went to sit on the toilet. "My tummy hurts, Gogo," he cried. "I've got such a pain in my tummy. I can't walk to school."

Gogo brought her big bottle of bitter medicine. "Here you are," she said, "take two tablespoons of this and it will fix your tummy."

"No, no, no!" shouted Bhuti Rabbit. "My tummy feels better now."

"Off you go then," said Gogo, giving them their school lunches. "Now learn hard and come home clever."

Bhuti Rabbit dawdled behind his sister. She hopped and skipped and danced and pranced all the way to school, but he crawled along the road feeling sulky. "I don't want to go to school," he muttered. "I want to stay in bed."



Soon they reached the school gates. "Bye-bye, Bhuti," called Sisi Rabbit, running inside.

Bhuti Rabbit looked around. Nobody was watching him. Quickly he hid behind a bush. He sat there, dead still and waited till the bell rang and everyone was inside the school. Then he ran back home. He climbed through the bedroom window and curled up in his bed. Soon he was fast asleep and snoring.

At eleven o'clock Bhuti Rabbit had had enough of sleeping. He was bored. He peeped out of the bedroom door. Where was Gogo? Oops. She was sitting in the kitchen, drinking tea with Mrs Dassie from next door. Bhuti Rabbit sighed. It was so boring lying in bed all day.

At twelve o'clock Bhuti Rabbit was thirsty. He peeped out of the bedroom door. Where was Gogo? Oh no. She was baking bread in the kitchen. Bhuti Rabbit sighed. He wanted some water to drink and someone to play with.

At one o'clock Bhuti Rabbit checked again. This time Gogo Rabbit was talking to Umfundisi Fox. Umfundisi was eating some of Gogo's home-made bread. The smell made Bhuti Rabbit's mouth water. He wished he could have some of Gogo's bread, hot from the oven. Bhuti Rabbit sighed.

At three o'clock Sisi Rabbit came bouncing home. Bhuti Rabbit jumped out of his window and came running in the front door after her. "Hello, Gogo," he called. "I'm home from school."

"That was the best day ever," Sisi Rabbit said. "We had a drawing lesson with a real artist. We learnt to draw comics. And our principal is getting married. She brought cooldrinks and cake and chips for everyone. It was fun, wasn't it, Bhuti?"

"Yes, yes," said Bhuti Rabbit. His heart was sinking. Oh no. The one day he stayed in bed they got cake at school!

"What kind of cake did you get, Bhuti?" Gogo asked.

"It was chocolate," Bhuti Rabbit lied. "Chocolate cake with caramel icing and cherries on the top." I wish I'd gone to school, Bhuti Rabbit thought. I wish I'd had some of the cake.

Just then there was a knock on the door. There stood Bhuti Rabbit's teacher, Miss Mouse. She was carrying a plate with a big piece of lovely cake.

"Hello, Gogo Rabbit," she said. "I was so sad that Bhuti Rabbit was sick on such a special day that I kept a piece of cake for him. How is he? Is he feeling better?"

Oh no. Now Bhuti Rabbit was in trouble. He ran to his room, jumped out the window and went to hide in the tree in the yard.

"There he is," Sisi Rabbit told Gogo. "He's hiding in the mango tree."

Gogo and Miss Mouse stood under the tree. "You've been a very naughty rabbit," Gogo said sternly. "You ran away from school."

"I'm sorry, Gogo. I'm sorry, Miss Mouse," Bhuti Rabbit cried. "Please don't be cross with me."

"We will have to teach you a lesson," Gogo said. "I wonder what we should do."

"I know," said Miss Mouse. "Why don't you make me a cup of tea, and we can eat this delicious piece of chocolate cake. That will teach him that running away from school is very naughty."

So Gogo put the kettle on, and she and Miss Mouse got two spoons and shared the piece of cake between them. Bhuti Rabbit's mouth watered and his tummy rumbled, but there was no cake for him. Not one tiny crumb.



From that day on Bhuti Rabbit never ran away from school again. Not even once. Staying in bed all day was just too boring!

Boetie Konyn se vervelige dag

Deur Helen Brain ★ Illustrasies deur Samantha van Riet

“Ek wens ek hoef nie vandag skool toe te gaan nie,” sê Boetie Konyn toe hy wakker word. “Ek wens ek kon by die huis bly en heeldag slaap.”

In die kombuis is Ouma Konyn besig om pap te maak. “Maak gou, kinders,” roep sy. “Ontbyt is gereed.”

“Ek kom, Ouma,” roep Sussie Konyn, en bons uit die bed. Sussie Konyn wil altyd skool toe gaan.

“Ek voel nie lekker nie, Ouma,” sê Boetie Konyn. “My kop is seer en my been is seer en my keel is seer en selfs my elmboog is seer.”

Ouma voel aan sy kop en neem sy koors. “Daar’s niks fout met jou nie,” sê sy. “Staan nou op en trek aan.”

Boetie Konyn klim uit die bed. Hy gooi vinnig sy skoene by die venster uit. “Ek kan nie my skoolskoene kry nie,” roep hy. “Ek kan nie skool toe gaan nie, want ek het nie my skoene nie.”

Sussie Konyn het hom gesien. “Jou stoute konyn,” raas sy. “Jy’t hulle probeer wegsteek. Maak nou gou. Ons gaan laat wees.”

Boetie Konyn eet sy pap. Toe gaan hy toilet toe. “Ouma, my maag pyn,” huil hy. “My maag is so seer. Ek kan nie skool toe stap nie.”

Ouma gaan haal haar groot bottel bitter medisyn. “Hierso,” sê sy, “drink twee eetlepels hiervan en dan sal jou maag nou-nou beter voel.”

“Nee, nee, nee!” sê Boetie Konyn. “My maag voel klaar beter.”

“Nou weg is julle,” sê Ouma, en gee hulle skoolkosblikke aan. “Gaan leer nou hard en kom slim huis toe.”

Boetie Konyn drentel agter sy sussie aan. Sy huppel en hop en dans en dartel heelpad skool toe, maar hy loop sleepvoet en dikmond agter haar aan. “Ek wil nie skool toe gaan nie,” mompel hy. “Ek wil in die bed bly.”



Gou is hulle by die skoolhekke. “Tata, Boetie,” roep Sussie Konyn en hardloop binnetoe.

Boetie Konyn kyk om hom rond. Niemand kyk vir hom nie. Hy kruip gou agter ’n bos weg. Daar sit hy doodstil en wag tot die klok lui en almal in die skool is. Toe hardloop hy terug huis toe. Hy klim deur die slaapkamervenster en krul in sy bed op. Gou is hy vas aan die slaap en snork te heerlik.

Om elfuur is Boetie Konyn uitgeslaap. Hy is verveeld. Hy loer om die slaapkamerdeur. Waar is Ouma? Oeps. Sy sit in die kombuis en drink tee saam met hul buurvrou, mev. Dassie. Boetie Konyn sug. Dis so vervelig om heeldag in die bed te lê.

Teen twaalfuur is Boetie Konyn dors. Hy loer om die slaapkamerdeur. Waar is Ouma? Ag, nee. Sy bak brood in die kombuis. Boetie Konyn sug. Hy wil gaan water drink en met iemand speel.

Om eenuur kyk Boetie Konyn weer. Hierdie keer gesels Ouma Konyn met Eerwaarde Jakkals. Eerwaarde Jakkals eet van Ouma se tuisgebakte brood. Die reuk laat Boetie Konyn se mond water. Hy wens hy kon van Ouma se warm brood eet. Boetie Konyn sug.

Teen drie-uur kom Sussie Konyn huppelend huis toe. Boetie Konyn spring by sy venster uit en hardloop agter haar by die voordeur in. “Hallo, Ouma,” roep hy. “Ek is terug van die skool af.”

“Dit was die beste dag ooit,” sê Sussie Konyn. “Ons het ’n tekenles by ’n regte kunstenaar gehad. Ons het geleer hoe om strokiesprente te teken. En ons skoolhoof gaan trou. Sy het koeldrank en koek en tjips vir almal gebring. Dit was pret, nè, Boetie?”

“Ja, ja,” sê Boetie Konyn. Sy hart sink. Ag, nee. Die een dag wat hy in die bed bly, kry hulle koek by die skool!

“Watter soort koek het jy gekry, Boetie?” vra Ouma.

“Dit was sjokoladekoek,” jok Boetie Konyn. “Sjokoladekoek met karamelversiersel en kersies bo-op.” Ek wens ek het skool toe gegaan, dink Boetie Konyn. Ek wens ek het koek gekry.

Net toe klop iemand aan die deur. Daar staan Boetie Konyn se onderwyseres, Juffrou Muis. Sy dra ’n bordjie met ’n heerlike groot stuk koek.

“Hallo, Ouma Konyn,” sê sy. “Dis so jammer dat Boetie Konyn siek was op so ’n spesiale dag. Ek het vir hom ’n stukkie koek gebêre. Hoe gaan dit met hom? Voel hy beter?”

O, nee. Nou is Boetie Konyn in die moeilikheid. Hy hardloop na sy kamer toe, spring by die venster uit en gaan kruip in die boom in die agterplaas weg.

“Daar is hy,” sê Sussie Konyn vir Ouma. “Hy kruip in die mangoboom weg.”

Ouma en Juffrou Muis gaan staan onder die boom. “Jy is ’n baie stoute konyn,” sê Ouma streng. “Jy het stokkies gedraai.”

“Ek is jammer, Ouma. Ek is jammer, Juffrou Muis,” huil Boetie Konyn. “Moet asseblief nie vir my kwaad wees nie.”

“Ons sal jou ’n les moet leer,” sê Ouma. “Ek wonder wat ons moet doen.”

“Ek weet,” sê Juffrou Muis vir Ouma. “Waarom maak jy nie vir ons tee nie, en dan kan ons twee hierdie heerlike stuk sjokoladekoek eet. Dit sal hom leer dat dit baie stout is om stokkies te draai.”

Ouma gaan sit die ketel aan en sy en Juffrou Muis kry twee lepels en deel die stuk koek tussen hulle. Boetie Konyn se mond water en sy maag grom, maar daar is niks koek vir hom nie. Nie eens een klein krummeltjie nie.



Van daardie dag af het Boetie Konyn nooit weer stokkies gedraai nie. Nie eens een keer nie. Om heeldag in die bed te bly, is net te vervelig!

Nal'ibali fun Nal'ibali-pret



1.

How many of these facts about Africa do you already know?

- ☉ Africa is the second largest continent in the world.
- ☉ It has the world's largest desert – the Sahara.
- ☉ It has the world's longest river – the Nile.
- ☉ Africa is home to the largest land mammal – the African elephant.
- ☉ There are 54 countries in Africa.
- ☉ Africa has the newest country in the world – South Sudan, which was created in 2011.
- ☉ Many millions of years ago the first and only people living on earth, lived in Africa. That's why Africa is called the "cradle of humankind".
- ☉ There are about 2 000 different languages spoken in Africa.
- ☉ People in Africa have been writing for a long time. There are libraries in Timbuktu (Mali) that have the oldest books written in Africa. They were written over 800 years ago!
- ☉ The world's first human heart transplant was performed in South Africa in 1967.

Hoeveel van hierdie feite oor Afrika ken jy reeds?

- ☉ Afrika is die tweede grootste vasteland in die wêreld.
- ☉ Dit het die wêreld se grootste woestyn – die Sahara.
- ☉ Dit het die wêreld se langste rivier – die Nyl.
- ☉ Afrika is die tuiste van die grootste landsoogdier – die Afrika-olifant.
- ☉ Daar is 54 lande in Afrika.
- ☉ Afrika het die nuutste land in die wêreld – Suid-Soedan, wat in 2011 gestig is.
- ☉ Baie miljoene jare gelede het die eerste en enigste mense op aarde in Afrika gewoon. Dit is waarom Afrika die "wieë van die mensdom" genoem word.
- ☉ Nagenoeg 2 000 verskillende tale word in Afrika gepraat.
- ☉ Mense in Afrika skryf al eeue lank. Daar is biblioteke in Timboektoe (Mali) wat die oudste boeke wat in Afrika geskryf is, bevat. Die boeke is meer as 800 jaar gelede geskryf!
- ☉ Die wêreld se eerste hartoorplanting op 'n mens is in 1967 in Suid-Afrika gedoen.

Send your poems to us and stand a chance of having them published in the Nal'ibali Supplement! Email them to info@nalibali.org and remember to put "the Nal'ibali Supplement" in the subject line. Or post them to The Nal'ibali Supplement, Nal'ibali Trust, Suite 17-201, Building 17, Waverley Business Park, Wyecroft Road, Mowbray, 7700.

Stuur jou gedig vir ons en staan 'n kans om dit in die Nal'ibali-bylae gepubliseer te kry! Stuur dit per e-pos aan info@nalibali.org en onthou om "die Nal'ibali-bylae" in die onderwerpreël te tik. Of pos dit aan Die Nal'ibali-bylae, Nal'ibali Trust, Suite 17-201, Gebou 17, Waverley-besigheidspark, Wyecroft-weg, Mowbray, 7700.

Running out of story ideas?
Visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi for articles and ideas to encourage a love of reading in your child, and to help keep them hooked!



Visit us on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA

2.

Write a poem about Africa!

- a) On a separate sheet of paper, write down all the words or phrases you think of when you hear the word, "Africa".
- b) Choose which of these words or phrases you want to use in your poem. Remember each line of your poem has to start with a letter from the word, AFRICA. For example, you could write "Is my home" on the line that starts with the letter, "I".
- c) Add in any other words you need to complete your poem.
- d) Give your poem a title.
- e) Read your poem aloud!

A

F

R

I

C

A

Skryf 'n gedig oor Afrika!

- a) Neem 'n vel papier en skryf al die woorde of frases neer waarin jy dink wanneer jy die woord "Afrika" hoor.
- b) Kies watter van hierdie woorde of frases jy in jou gedigte wil gebruik. Onthou, elke reël van die gedig moet met 'n letter van die woord AFRIKA begin. Jy kan byvoorbeeld skryf, "Is my tuiste" op die reël wat met die letter "I" begin.
- c) Voeg enige ander woorde by wat jy nodig het om jou gedig te voltooi.
- d) Gee vir jou gedig 'n titel.
- e) Lees jou gedig hardop!

A

F

R

I

K

A

Is jou storie-idees uitgeput?
Gaan na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi vir artikels en idees om 'n liefde vir lees by jou kind aan te moedig en hulle aan die lees te hou!

Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SW
Sunday
World



Drive your
imagination